# Afrikaans

## WEEK 7
## WOENSDAG

## Graad 5

Bron: Via Afrika

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# LEES: Lees die gedig en voer dit op!

**Towerfluit**

Ek stap deur die land
en ek speel op my fluit:
ek borrel die klanke
teen die blou lug uit.

Ek speel vir die son
en die wind wat ween;
ek speel vir die bome
wat blink in die reën.

Die klanke kan kielie
en die klanke kan lag;
'n lied wat ek speel
vir die goudgeel dag.

Daar's note vir lekker
en note vir smart;
dis note wat rol
uit die fluit in my hart.



ALWYN CHRISTENSEN, *SHOZOLOZA*, UITGEWER 2008

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER: Meervoude:Lees die gedeelte en voltooi die takie.

LAERSKOOL MIKRO

## Meervoude

Selfstandige naamwoorde wat net een ding aandui, is in die enkelvoud en dié wat meer as een ding aandui, is in die **meervoud**.

- Die meeste selfstandige naamwoorde kry 'n -e of 'n -s agter die woord, bv. een heks twee hekse een kabouter twee kabouters
- By 'n woord met 'n kort klank en wat op 'n konsonant eindig, word die konsonant aan die einde verdubbel wanneer die meervoudsvorm gebruik word, bv. een mat twee matte
- By woorde met 'n lang klank val die een vokaal weg wanneer dit in die meervoud geskryf word, bv. een boom twee bome


Skryf die meervoude van die woorde tussen hakies neer.

Die kabouters se (pa) vang die heks wat hulle (blom) steel. Die (kind) sal nooit weer nare (droom) oor haar hê nie. Hulle (ouma) maak lekker kos in die (kombuis).

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

Die kabouters se *pa's* vang die heks wat hulle *blomme* steel. Die *kinders* sal nooit weer nare *drome* oor haar hê nie. Hulle *oumas* maak lekker kos in die *kombuise*.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

**SKRYF:** ’n **Boekresensie** verskyn in koerante en tydskrifte en gee net die belangrikste inligting soos ’n kort opsomming van die storie, die titel en die skrywer. Die lesers kan dan besluit of hulle van die boek sal hou en of hulle dit wil koop.

**Lees die boekresensie en beantwoord die vrae.**

**Resensie**

Viljoen, Fanie *Geraamtes in die klas* (H&R, 2006) R79,95.

Stephan en sy beste maat Kobus is die twee stoutste seuns in Laerskool Laagkruin. En Juffrou Beneke is die kwaaiste juffrou in die skool. Wanneer ’n *wetenskapeksperiment* van die twee seuns verkeerd loop, beland Juffrou Beneke op die *geraamte* in die klas en verander self in een! In haar nuwe gedaante is Juffrou Geraamte ’n ander mens – hulle het die heerlikste avonture, en sy wen selfs ’n *motorfiets* vir hulle. Fanie Viljoen was seker soos een van hierdie twee seuns op skool: onnutsig, lewendig, ’n *grapmaker* van formaat. ’n Heerlike storie vir jong lesers so tussen 9 – 12 jaar; vol aksie, humor en lekker verrassings. Hoogs *aanbeveel*.

(HTTP: / / SA-BOOKS.BLOGSPOT.COM / 2008 / 02 / KORT-RESENSIES-VAN-AFRIKAANSE_1812.HTML)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VRAE:

1 Wat is die titel van die boek?
2 As jy na die titel en die illustrasie kyk, dink jy dit is 'n bangmaakstorie of 'n grappige storie?
3 Wie is die skrywer?
4 Waar speel die storie af?
5 Vir watter ouderdom kinders word die boek aanbeveel?
6 Wat is jou opinie van die boek nadat jy die resensie gelees het?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

1) Geraamtes in die kas.
2) Eie indrukke.
3) Fanie Viljoen
4) Laerskool Laagkruin
5) Nege tot twaalf jaar oud.
6) Eie opinie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©